# RAADSKOERANT

## BOERE-AFRIKANERVOLKSRAAD

www.volksraad.co.za kontak@volksraad.co.za
Posbus 1221, Rayton, 1001 Tel: 012 940 4271

Nommer 6 Dinsdag 5 November 2013


## OPROEP TOT GEBED

Nademaal dele van ons land wat deur droogte geteister was, milde reëns ontvang het, en

Nademaal sommige boere erge skade gely het as gevolg van oorstromings, en

Nademaal ander dele van ons land steeds deur erge droogte geteister word, wat boere se bestaan bedreig, en

Nademaal 'n aantal van ons volksgenote nou gevangenskap ondergaan nadat hulle die volksvyandige Regering omver wou werp,

DOEN DIE VOLKSRAAD 'N BEROEP OP ALLE VOLKSGENOTE om hulle op Sondag 10 November 2013 in die privaatheid van hul wonings, of waar hulle hulle ook al mag bevind, voor ons Hemelse Vader te verootmoedig en Hom onder opregte skuldbelydenis te bid en te smeek om uitkoms vir diegene wat steeds onder die droogte gebuk gaan, asook vir diegene wat skade gely het weens oorstromings, en om Hom te loof en te dank vir reën wat Hy gegee het tot verligting vir diegene wat ondergang in die gesig gestaar het; voorts om ons volksgenote wat hulle in die gevangenis bevind en hulle geliefdes wat saam met hulle ly, aan die vertroosting en genade van ons Hemelse Vader op te dra.

Enersgesinde predikante, leraars en voorgangers word uitgenooi om die genoemde dag in die besonder te wy aan gebede van verootmoediging, en hulle kerklike gemeentes daarin voor te gaan, sodat ons volk opnuut sy algehele afhanklikheid van God sal besef en die rampe en verdrukking waaronder ons volk gebuk gaan, van ons afgewend mag word.

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 5 November 2013

## VOLKSRAADKENNISGEWING

Antwoord aan S.A. Menseregtekommissie

Die onderstaande skrywe is aan die S.A. Menseregtekommissie gestuur as finale antwoord op hul verslag oor die klag wat deur die Volksraad teen die Regering gelê is:

11 October 2013

To: The Provincial Manager (Chantal Kisoon):
South African Human Rights Commission

By e-mail: NVKwaza@Commission.org.za

Your reference: GP/1213/0583/AM

Attention: Chantal Kisoon

For Information: D. Titus (Commissioner)

Sir / Madam

**RE: COMPLAINT BY THE BOERE-AFRIKANERVOLKSRAAD AGAINST THE PRESIDENT AND MEMBERS OF THE CABINET OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

We refer to your letter dated 29th August 2013 regarding the abovementioned complaint and wish to record the following:

1. We regret to be informed that (even after many months during which you had the opportunity to investigate this matter): "*No comprehensive assessment on the substantive merits was engaged…*" as you put it on page 2 of your said letter. Considering the rest of the content, it is clear with respect that you indeed did not assess the merits of this matter comprehensively.

2. We further record that your summary of our complaint (starting on page 2 of your said letter) is faulty from the outset:

2.1. We are not the "Afrikaner Boere Volk" – we are the *Volksraad*; a body elected by the *volk* in furtherance of our campaign for national freedom.

2.2. We do not "*lead our constituents to secure their right to self-determination as per the provisions of the SA Constitution and the United Nations Charter*". We do not have to "secure" the right to self-determination of our constituents – we have to lead them towards a practical embodiment of such right; and the SA Constitution and UN Charter are but two sources (legally binding on the Government of this country) proclaiming that right. Many other (equally legally binding) covenants and sources exist in this regard which we also invoke — most notably the "*International Covenant on Civil and Political Rights*", agreed to by the United Nations and ratified by the South African Government.

3. We furthermore record that the sources of International Law which you consulted in this matter (as listed in footnote 1 on page 3 of your letter) are incomplete and also not entirely relevant. (For example - you make no mention of the International Court of Justice's important decision in *Accordance with International Law of the Unilateral Declaration of Independence in respect of Kosovo, Advisory Opinion, ICJ Reports 2010, p. 403.* Nor do you refer to many of the sources cited in the document titled "*The Boere-Afrikaner People's Right to Self-determination*" which was handed to Commissioner Titus by Mr. Breytenbach during the meeting between the Volksraad and your Commission on 13th May 2013). Also, apart from being outdated in some respects, the factual basis on which the *Quebec*-decision had been taken, is very different from the scenario we find ourselves in. (To cite but one example: Members of the Quebec-community are regularly voted Prime Ministers of Canada — something which is unimaginable in our situation).

4. We completely reject your finding that "*…the Commission was unable to establish a prima facie violation of the right to self-determination on the complaint as submitted to it"*. Such a conclusion simply CAN NOT be reached by any *bona fide* forum assessing this matter in terms of any objective, scientific process. This country might practise democracy in theory BUT it is common knowledge that the ethnic group which our constituents form part of (the Boer-Afrikaner people) **can not and does not exercise any effective influence** upon either the <u>compilation</u> of Government in this country, nor on Government-<u>policy</u>. We are being ruled at pleasure and random by peoples from very different ethnic-cultural communities; who constantly enact laws — for nearly the past two decades already — which severely prejudice our norm- and value system and religious beliefs; jeopardise our labour-market opportunities; reduce our tertiary educational-opportunities on a racist basis; destroy many of our business- and entrepreneurial opportunities; destroy our cultural heritage; etc. etc. etc. FURTHERMORE, the current Government continues certain *Apartheid*-measures whenever Blacks continue to benefit there from (like STILL reserving land-ownership in the former "homelands" or so-called "Bantustans" for Black tribes; without any reciprocal gesture towards our people). The above mentioned measures and conditions have caused the white population of South Africa, of which the Afrikaner people form the major part, to **decline** with 3,6% over the past ten years whereas the growth of South Africa's Black population during the same period has been 16,5%, of the Coloured population 13,7%, and of the Asian population 14,6%. Consequently, your finding in this regard — in spite of these conditions (which are common knowledge in this country) — constitutes an outrageous and shameful outcome.

5. The interpretation you seem to attach to Section 235 of the Constitution (namely, that the people who voted for us should be constituting "the South African people as a whole") contradicts the principles of applicable legal subjects like "Interpretation of Statutes" and "Administrative Law"; it fur-

thermore defies the very object with which this Section was incorporated in the Constitution; and finally it demonstrates a lack of knowledge and understanding regarding the historical events which led up to the inclusion of this piece of legislation in the current Constitution.

6. As to your remarks concerning the "issues of origin, history and claim to land":

   6.1. We doubt that a comprehensive analysis in this regard (which might comprise many volumes) would be necessary at this point; seeing that you rejected our complaint in any case. Concerning the question of our "unique separateness as a group", it is interesting to note that this issue does not pose any problem to the ANC when chanting "Kill the Boer". (This, incidentally, is not peculiar to "youth leader" Malema which had been recently expelled from the ANC – he was actively supported by the ANC in the relevant court-case; and the said words in any event are also being chanted by the President of this country - we have footage of this).

   6.2. Concerning our claim to land, again we do not see the point of going into elaborations, seeing that you already rejected our claim. Suffice to confirm that our forefathers developed this country long before any Whites set foot on Australian- or New Zealand soil; in many instances concluding peaceful land-negotiations with Black leaders (such treaties being the basis of the independent Republics they founded in the northern Free State, parts of Natal, the Eastern Transvaal, and parts of North-Western Transvaal, to name but a few).

7. In the premises, and also in view of the fact that you referred us to alternative forums, we will pursue alternative avenues and not lodge an internal appeal with your Commission.

Yours sincerely,

A.E. Breytenbach
Chairman

# VOLKSRAADKENNISGEWING

Aanmaning aan President se kantoor

Op versoek van die Volksraad is die onderstaande aanmaning op 25 Oktober 2013 op die Hoof: Regs- en Uitvoerende Dienste van die President se kantoor bestel:

25 October 2013

To: The Presidency of the Republic of South Africa
(Legal & Executive Services)

Attention: Adv. S. Sigodi

Madam,

THE BOER-AFRIKANER VOLKSRAAD ("PEOPLES ASSEMBLY") AND ITS CLAIM FOR SELF-DETERMINATION ON BEHALF OF THE BOER-AFRIKANER PEOPLE

1. The previous letter from this writer to yourself regarding the above-mentioned matter, dated 27 September 2013 and served in person at your Union Buildings-offices on the same day, has reference.
2. We note that, since the aforesaid letter had been served, almost another month went by without a reply.
3. Please note that this writer has consequently been instructed by the Volksraad as follows:
4. Should the request of the Volksraad as contained in Paragraph 3.4 of my aforesaid letter not be complied with (i.e., should no such discussion be arranged between a Government-delegation and the Volksraad) on or before the 31st of December 2013, then the conclusion will be justifiably drawn that Government is unwilling to address the issue of Boer-Afrikaner self-determination with the Volksraad.
5. Furthermore, writer is instructed to notify you that, in such case, this issue will forthwith be referred to – inter alia - the Human Rights Committee of the United Nations, being a breach of Government's obligations in terms of – inter alia – the International Covenant on Civil and Political Rights of 1966.
6. Should Government on the other hand decide to comply with the aforesaid request,

my following instructions are brought to your attention:

1.1. The discussion is not to be scheduled for any Sunday; nor for the 15th- or 16th of December, nor for the 25th of December.

1.2. The discussion must be mutually accepted as the beginning of a process to implement the Boer-Afrikaner people's right to self-determination; must not be combined with any other issue; and should be conducted on behalf of Government by negotiators authorised to take applicable decisions.

7. Your reply hereto, on an urgent basis, would be appreciated.

Yours sincerely

Signed: Paul Kruger
for Paul Kruger Attorneys

# KENNISGEWING

GHA Gedigtekompetisie, 2013

Die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans het op Saterdag 2 November 2013 die wenners van die GHA se gedigtekompetisie vir 2013 bekendgemaak.123 deelnemers het vanjaar vir die kompetisie ingeskryf.

Die Voorsitter van die GHA, mnr. André Alkema, het onder andere verklaar:

"Vanjaar dra ons hierdie bundel *Stemme uit die Suiderland* op aan 'n persoon wat in die Cullinan Gevangenis sit. Wilhelm Pretorius, destyds 'n lid van die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans, het my een oggend in 2003 uit die gevangenis gebel en voorgestel dat die GHA 'n gedigtekompetisie aanbied.

Op hierdie wyse wil ons graag erkenning gee aan 'n Boerseun en sy ouers."

Die volgende persone is as die wenners in die onderskeie kategorieë en subkategorieë bekroon:

**LAERSKOOL-KATEGORIE**

Anzeret Scheepers (Wolkberg Akademie vir CVO)

**HOËRSKOOL-KATEGORIE**

Carmi Zeelie (Hoërskool Garsfontein)

**STUDENTE-KATEGORIE**

Ellari Snyders (Universiteit Noord-Wes)

**OPE-KATEGORIE**

| | |
|---|---|
| **Die Groot Trek:** | Theresa Postma |
| **Die Natuur:** | Marthie Joubert |
| **Liefde:** | Driekie Grobler |
| **Geestelik:** | JG Louw |
| **Mymeringe:** | Alet van Heerden |
| **Humor:** | Lenta Grimbeek |
| **Volk en Vaderland:** | Gert Vorster |
| **Terapeuties:** | Marianne Roos |
| **Verset:** | Milda Stanton |
| **Algemeen:** | Nico Vermeulen |

**ALGEHELE WENNER**

Elizabeth Greef

A. ALKEMA
Voorsitter: GHA

Pretoria, 2 November 2013

# KENNISGEWING

Onderstaande skrywe is uitgereik ná die vonnis-oplegging van die Boeremag-gevangenes op 29 Oktober 2013.

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 29 Oktober 2013

29 Oktober 2013

**Aan mnr. F.W. de Klerk, voormalige Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika**

Meneer De Klerk,

Vandag is 'n aantal Christen Boere-Afrikaners langtermyn gevangenisstraf en die res mindere strawwe opgelê vir "hoogverraad", omdat hulle ons volk op onkonstitusionele wyse wou ontset van 'n volksvreemde regering en Grondwet.

Elkeen van daardie vonnisse kom jou persoonlik toe, want JY is die werklike verraaier wat ons volk met lis en bedrog aan 'n vyandige mag onderwerp het toe jy jou Presidensiële eed om "*die Grondwet en alle ander reg van die Republiek (te) gehoorsaam, eerbiedig, handhaaf en onderhou*" verbreek het toe jy, in stryd met die land se Grondwet, 'n "Nasionale Oorgangsraad" geskep het wat besluite van die Kabinet as hoogste Uitvoerende Gesag kon veto, en daarna

'n kieswet deurgevoer het wat die politieke mag oor ons vaderland onherroeplik in die hande van die swart meerderheid geplaas het.

Dat jy geen hek geskep het waardeur die Boere-Afrikanervolk op 'n konstitusionele wyse uit dié bedeling kan ontsnap nie, toon jou bose opset teen ons volk.

Bo en behalwe hierdie manne wie se lewens verwoes is, stapel die skuld vir elke slagoffer van 'n plaasaanval, vir elke Witman wat werkloos is omdat hy wit is, vir die groot nuwe armblankedom, vir elke emigrant wat na die buiteland uitgewyk het, en vir wat nog vir ons volk wag ná die skepping van jou "Nuwe Suid-Afrika", op jóú kop.

Jy kan maar voortgaan om in die openbaar met bravade te verklaar dat jy dieselfde sou gedoen het as jy weer die keuse sou hê, die gemors waarin jy Suid-Afrika en die Afrikanervolk gedompel het, is vir ieder en elk sigbaar.

Mag jy nog 'n lang lewe hê om die gevolge van jou laagverraad teen die Afrikanervolk en die Blanke beskawing in Suid-Afrika te aanskou.

Geteken: Andries Breytenbach
Voorsitter van die Boere-Afrikanervolksraad

# VOLKSRAADKENNISGEWING

## Verkiesing 2014

Nademaal die Volksraad se termyn op 9 Oktober 2014 verstryk, het die Volksraad die Volksraad Verkiesing Kommissie (VVK) versoek om 'n verkiesing vir die volgende Volksraad op 27 September 2014 te hou.

Die Voorsitter van die VVK het 'n verkiesingsbegroting van R1,9 miljoen aan die Volksraad voorgelê en betoog dat **'n verkiesing slegs gehou kan word indien dié bedrag betyds gevind word**.

DERHALWE HET DIE VOLKSRAAD BESLUIT:

1. 27 September 2014 is voorwaardelik die verkiesingsdatum.
2. ‘n Verkiesingsfonds word in die lewe geroep en onder die beheer van die VVK gestel. Die eerste mylpaal van R320 000 moet teen einde Desember 2013 ingesamel word.
3. **ELKE GEREGISTREERDE KIESER WORD VERSOEK OM EENMALIG R100 TOT DIE FONDS BY TE DRA.**
4. Bydraes moet in die volgende rekening gedeponeer word:

   *Rekeninghouer*: Volksraad Verkiesing Kommissie.

   *Bank*: Standard Bank van S.A., Lynnwoodrif, takkode 012-445.

   *Rekeningnommer*: 18289541

   *Verwysing*: **Vfonds + Id-nommer** van bydraer.

Volksorganisasies en registrasiebeamptes word versoek om intussen volstoom voort te gaan met oriëntasie en registrasie van kiesers ten einde deurgaans voorbereid te wees om 'n volksverkiesing of referendum te kan hou.

A.E. BREYTENBACH
Voorsitter

Kleinfontein, 29 Julie 2013

# Die Vaste Fondament

"Wee Assur! Die roede van my toorn en 'n stok is hy — in hulle hand is my grimmigheid!

Ek sal hom stuur teen 'n roekelose nasie, en Ek sal hom bevel gee teen die volk van my grimmigheid...

Maar hý bedoel dit nie so nie, en sy hart dink nie so nie; maar om te verdelg is in sy hart en om nasies uit te roei, nie min nie.

Maar as die Here al sy werk voltooi het... dan sal Ek besoeking doen oor vrug van die grootsheid van die hart van Assirië se koning en oor die gepraal van sy hoë oë.

Want hy sê: deur die krag van my hand het ek dit gedoen en deur my wysheid...

Kan die byl hom beroem teen die wat daarmee kap, of die saag spog teen hom wat dit trek?

Daarom sal die Here HERE van die leërskare onder sy vettes 'n maerte stuur; en onder sy heerlikheid sal Hy 'n brand laat uitslaan...

En die Lig van Israel sal 'n vuur wees, en sy Heilige 'n vlam; en dit sal sy distels en sy dorings verbrand en verteer op een dag."

Jesaja 10:5-7, 12-13, 15-17